"aansoeker" ’n natuurlike of regspersoon wat aansoek doen om toestemming om verfilmingaktiwiteite in die Stad uit te voer;

"doelgemaakte filmfasiliteit" ’n plek, ateljee, fasiliteit of eiendom wat vir verfilmingsaktiwiteite ontwerp en gebou of omskep is, insluitende enige klankverhoog of permanente buitestel langs so ’n fasiliteit, met alle nodige goedkeurings van die Stad;

"filmgeskikte fasiliteit" ’n filmateljee of ander fasiliteit of perseel wat ontwerp en gebou of omskep is vir verfilmingsaktiwiteite met alle nodige goedkeurings van die Stad, insluitende enige klankverhoog of permanente buitestel wat aan sodanige fasiliteit grens, en sluit in verfilmingsfasiliteite by opvoedkundige instellings;

"filmopname" die proses of aktiwiteit van verfilming, fotografering of opneem van klank en beelde vir die produksie van filmmateriaal of digitale media vir kommersiële of dokumentêre produksies, en sluit die voorbereiding van eiendom vir verfilming in;

"filmpermit" ’n skriftelike toestemming, met voorwaardes, wat ingevolge hierdie verordening vir verfilming deur die Stad toegestaan is;

"filmpermitkantoor" die eenheid verantwoordelik vir koördinering van filmpermitaansoeke, koördinering van die goedkeuring en weiering van verfilming- en filmverwante aktiwiteite ooreenkomstig hierdie verordening, toepaslike wetgewing, asook die Stad se regs- en bedryfsvereistes en vir die uitreiking van filmpermitte met gepaste voorwaardes;

"gemagtigde amptenaar" ’n werknemer van die Stad wat daarvoor verantwoordelik is om enige wettige plig of funksie uit te voer of enige wettige bevoegdheid ingevolge hierdie verordening uit te oefen en sluit in ’n werknemer wat gedelegeer is om sulke pligte, funksies of bevoegdhede uit te voer of uit te oefen, wat insluit:

(a) Lid van die Kaapstadse metropolitaanse polisiedepartement gestig ingevolge artikel 64A van die Wet op Suid-Afrikaanse Polisiediens, Wet 68 van 1995;
(b) ’n Verkeersbeampte aangestel ingevolge artikel 3A van die Nasionale Padverkeerswet, Wet 93 van 1996;
(c) ’n Wetstoepassingsbeampte wat ingevolge artikel 334(1)(a) van die Strafproseswet, Wet 93 van 1977, as ’n vredesbeampte verklaar is; en
(d) ’n Lid van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD);

"ligging" enige gebied of plek wat vir verfilmingsaktiwiteit gebruik word buiten ’n filmateljee of filmgeskikte fasiliteit, of enige klankverhoog of permanente buitestel wat aan ’n filmateljee of doelgemaakte filmfasiliteit grens. Hierdie gebied of plek kan deur tydelike of permanente strukture opgerig of afgebaken word;

"openbare plek" sluit in —

(a) enige openbare pad, parkeergebied, plein, park, ontspanningsterrein, sportterrein, sanitasiesteeg, oop ruimte, strand, winkelsentrum op munisipale grond, ongebruikte of onbeboude munisipale grond of begraafplaas, of enige beskermde of bewaringsgebied in die Stad se besit of wat deur hom bestuur word wat —

(i) verskaf, gereserveer of uitgehou is vir gebruik deur die publiek; of

(ii) aan die publiek toegewy is; en

(b) openbare vervoer wat deur diensverskaffers vir die Stad bedryf word,

maar sluit nie openbare grond in wat deur die Stad aan ’n derde party verhuur word nie;

"permithouer" ’n persoon, hetsy ’n natuurlike of regspersoon, of hulle verteenwoordiger, aan wie ’n filmpermit ingevolge hierdie verordening toegestaan is om verfilming uit te voer;

"persoon" enige natuurlike of regspersoon wat regtens die wet as subjek met regte en verpligtinge erken word;

"skutkoste" alle koste wat deur die Stad aangegaan is met die skut en berging van eiendom wat ingevolge hierdie of enige ander toepaslike wetgewing geskut en geberg is en, waar van toepassing, die koste wat aangegaan is as gevolg van die wegdoening met of vrystelling van die geskutte eiendom en enige ander verwante koste;

"Stad" die Stad Kaapstad, ’n munisipaliteit ingestel deur die Stad Kaapstad-stigtingskennisgewing no. 479 van 22 September 2000, uitgereik ingevolge die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998, of enige struktuur of werknemer van die Stad wat ingevolge gedelegeerde magtiging optree;

"tipe filmopname" ’n mikro, klein, medium, groot of baie groot verfilmingsaktiwiteit soos in bylae 1 beskryf; en

"verfilming" – (a): (i) die voorbereiding van openbare en private eiendom vir die opneem van klank en beelde asook die opneem van klank en beelde, bewegend of stil, hetsy op film of videoband, elektronies, digitaal of op enige ander manier, en sluit in alle aktiwiteite met betrekking tot die ligging van die verfilming waar daar ’n impak op openbare of private eiendom is en wat die dienste van die Stad kan vereis, of wat enige negatiewe implikasies vir openbare veiligheid, die omgewing en plaaslike gemeenskappe kan hê;

(ii) studente-filmprojekte waar daar ’n impak op openbare eiendom is wat die dienste van die Stad kan vereis of wat enige nadelige implikasies vir openbare veiligheid, die omgewing en plaaslike gemeenskappe kan hê;

(iii) die opneem van digitale media op openbare eiendom op mobiele toestelle soos slimfone, tabletrekenaars, handkameras vir die skepping of deel van inligting deur virtuele gemeenskappe en sosiale netwerke vir kommersiële gewin; maar

(b) sluit uit (i) die opneem van ’n private huwelikseremonie of ander private viering of geleentheid met die doel om ’n opname vir die deelnemers daaraan vir private doeleindes te maak;

(ii) elektroniese nuusinsameling of die opneem van aktuele sake of nuus vir onmiddellike uitsending of vrystelling;

(iii) die opneem van digitale media op mobiele toestelle soos slimfone tabletrekenaars en handkameras vir persoonlike gebruik waar daar geen impak op die publiek of enige openbare gerief is nie; en

(iv) doelgemaakte filmfasiliteite en ander filmgeskikte fasiliteite, insluitende verfilmingsfasiliteite soos opvoedkundige instellings, waar daar geen behoefte aan die Stad se dienste of impak op die publiek of enige openbare gerief is nie.

Aansoek

2. Hierdie verordening is van toepassing op alle verfilmingsaktiwiteite wat in die regsgebied van die Stad Kaapstad uitgevoer word.

Vrystellings

3. (1) Filmgeskikte fasiliteite en doelgemaakte fasiliteite in die regsgebied van die Stad is daarvan vrygestel om aansoek te doen om filmpermitte, buiten waar verfilmingsaktiwiteite buite die erfgrense van enige sodanige fasiliteit of op enige openbare plek oorloop of waar daar ’n behoefte aan dienste van die Stad is.

(2) Die volgende tipes verfilmingsaktiwiteite het nie ’n filmpermit nodig nie:

(a) Die verfilming van private huwelikseremonies of ander private vierings of geleenthede met die doel om ’n opname daarvan vir die deelnemers daaraan vir private doeleindes te maak waar daar geen impak op die publiek of ’n openbare plek is nie en waar daar geen behoefte aan die Stad se dienste is nie;

(b) Elektroniese nuusinsameling of die opneem van aktuele sake of nuus vir onmiddellike uitsending of vrystelling; en

(c) Die opneem van digitale media op mobiele toestelle soos slimfone, tabletrekenaars en handkameras vir persoonlike gebruik waar daar geen impak op die publiek of ’n openbare plek en geen behoefte aan enige van die Stad se dienste is nie.

(3) ’n Aansoeker wat ingevolge bylae 1 aansoek om ’n mikrofilmopnamepermit doen, is daarvan vrygestel om bewys aan die Stad te lewer dat daar geen beswaar teen verfilming is nie.

Vereistes vir verfilming in Kaapstad

4. (1) Enige persoon of produksiemaatskappy wat voornemens is om verfilming in die regsgebied van die Stad te doen, moet —

(a) by die filmpermitkantoor registreer; en

(b) ingevolge artikel 5 by die Stad aansoek doen om ’n permit om verfilming uit te voer.

(2) Die Stad kan betaling van gelde vereis voordat ’n aansoek om verfilming uit te voer, oorweeg word.

(3) Die aansoeker moet tot voldoening van die Stad bewys lewer van —

(a) gepaste vrywaringsdekking om alle filmverwante aktiwiteite te dek; en

(b) gepaste gespesialiseerde risikoversekering en omvattende aanspreeklikheid of dekking waar die verfilmingsaktiwiteit —

(i) waagtoertjies, spesiale effekte, plofstowwe of soortgelyke aktiwiteite, hyskrane, hommeltuie of onbemande lugvoertuie of enige ander apparaat of toerusting sal behels wat spesiale toestemming ooreenkomstig toepaslike wetgewing vereis, en

(ii) in sensitiewe gebiede soos bewaringsgebiede, erfenisgebiede of enige gebied wat deur wetgewende prosesse as omgewingsensititief geïdentifiseer word, sal plaasvind.

(4) Waar verfilming plaasvind op grond wat onder die gesag van ’n ander staatsorgaan val of op grond in besit van ’n private bestuursmaatskappy, moet eers ’n permit of skriftelike toestemming van sodanige staatsorgaan of private bestuursmaatskappy verkry word voordat ’n aansoek om verfilming by die Stad ingedien word.

Aansoek om ’n filmpermit

5. (1) Onderworpe aan die vrystellings wat in artikel 3 uiteengesit word, mag geen persoon verfilming in die regsgebied van die Stad uitvoer sonder ’n filmpermit van die Stad nie.

(2) ’n Aansoek om ’n filmpermit om verfilming uit te voer, moet by die Stad ingedien word—

(a) ná registrasie ingevolge artikel 4; en

(b) ooreenkomstig die aansoekvereistes vir verskillende tipes filmopname soos in bylae 1 uiteengesit voor die aanvang van die voorgenome verfilmingsaktiwiteite.

(3) Die filmpermitaansoek wat ingedien word, moet insluit —

(a) die naam, adres, elektroniese posadres, telefoonkontaknommers en beroep van die aansoeker;

(b) besonderhede van die produksiemaatskappy waarop die aansoek betrekking het;

(c) besonderhede en kontakbesonderhede van die persoon wat in beheer van die werklike verfilming sal wees;

(d) ’n alternatiewe aanstuuradres in die regsgebied van die Stad Kaapstad vir die ontvangs van enige kennisgewings, rekeninge of korrespondensie;

(e) besonderhede van die ligging, verwante basiskampe en parkeervereistes van die voorgenome verfilmingsaktiwiteit, die voorgestelde datums en tye, die getal persone en voertuie wat aan die verfilmingsprojek verbonde is en algemene besonderhede van die doel van die voorgenome verfilming;

(f) ’n gedetailleerde beskrywing van die verfilmingsaktiwiteite en die apparaat wat gebruik gaan word, wat die volgende kan insluit:

(i) toestelle of toerusting wat lig, geraas of lugbesoedeling kan veroorsaak;

(ii) kragopwekkers, energietransformators of omsetters;

(iii) voertuie, hyskrane, enige ander apparaat of toestelle, onbemande lugvoertuie, hommeltuie of soortgelyke toestelle wat spesiale toestemming ooreenkomstig toepaslike wetgewing vereis;

(iv) tydelike strukture, driepote of trollies, gespesialiseerde takelwerk of toerusting; of

(v) spesiale effekte, waagtoertjies, plofstowwe of gesimuleerde geweervuur;

(g) besonderhede van enige vreemde materiaal, insluitende diere, plante, vis, grond of soortgelyke materiaal nie endemies in die ligging wat gebruik gaan word nie; en

(h) besonderhede van die getal van en spesies diere of lewende hawe wat tydens die voorgenome verfilmingsaktiwiteite gebruik gaan word.

(4) Die aansoeker moet die Stad in kennis stel van enige veranderings, nuwe ontwikkelings of enige toepaslike inligting wat met die filmopname of die impak daarvan verband hou.

(5) Die Stad kan ’n aansoek om ’n filmpermit aanvaar, wysig of weier om dit te oorweeg.

(6) Die Stad kan bykomende aansoekvereistes stel wat tydens die filmpermitaansoekproses deur die aansoeker nagekom moet word, wat kan insluit:

(a) verskaffing van bykomende produksie-inligting soos land van oorsprong, geraamde begrotingsbesteding in stad, geraamde plaaslike werksgeleenthede wat geskep gaan word, ens.; en

(b) bykomende aansoekvereistes met betrekking tot verfilming in bewaringsgebiede, erfenisgebiede, groen stroke of enige gebied wat deur wetgewende prosesse as omgewingsensitief geïdentifiseer is.

Oorleg met gemeenskap

6. (1) ’ n Persoon wat voornemens is om aansoek te doen om ’n permit om in ’n ligging te verfilm, moet, sodra ’n ligging bevestig is, ’n kennisgewing van voorneme om verfilming in sodanige ligging uit te voer aan die okkupeerders van aangrensende en geraakte eiendomme ingevolge subartikel (2) aflewer voordat ’n aansoek om verfilming by die Stad ingedien word.

(2) Die skriftelike kennisgewing van voorneme om verfilming uit te voer moet —

(a) in ’n formaat wees wat deur die Stad goedgekeur is;

(b) die voorneme van die aansoeker om ’n aansoek om goedkeuring om verfilmingsaktiwiteite by ’n bepaalde adres, ligging of gebied uit te voer, kommunikeer;

(c) die okkupeerders van aangrensende en geraakte eiendomme die geleentheid bied om op die voorgeskrewe vorm te verklaar dat hulle geen beswaar teen die voorgenome verfilming het nie;

(d) die okkupeerders van die aangrensende en geraakte eiendomme inlig van hulle reg om besware by die Stad in te dien;

(e) die naam en kontakbesonderhede van die produksiemaatskappy bevat; en

(f) die datums, tye en besonderhede van die voorgenome verfilmingsaktiwiteite bevat.

(3) Waar die okkupeerders van aangrensende en geraakte eiendomme nie bereik kan word nie, moet ’n persoon wat voornemens is om aansoek te doen om ’n filmpermit om te verfilm, aan die filmpermitkantoor bewys lewer dat redelike stappe gedoen is om sulke okkupeerders te kontak.

(4) Die bewys van kennisgewing of oorleg met okkupeerders van aangrensende en geraakte eiendomme wat ooreenkomstig bylae 1 verkry is, moet ten tye van indiening van die aansoek om verfilming by die Stad se filmpermitkantoor ingedien word.

(5) Okkupeerders van aangrensende en geraakte eiendomme wat deur die voorgenome verfilmingsaktiwiteit geraak word, kan ’n beswaar teen die voorgenome verfilming regstreeks by die filmpermitkantoor indien vir oorweging tydens die besluitnemingsproses oor die filmpermitaansoek.

(6) Die filmpermitkantoor sal die beswaarmaker skriftelik van die uitkoms van die beswaar in kennis stel.

(7) Die Stad kan verdere oorleg tussen die produksiemaatskappy en die okkupeerders van aangrensende en geraakte eiendomme vereis voordat die filmpermit uitgereik word as daar enige veranderings, nuwe ontwikkelings of inligting met betrekking tot 'n filmopname of die impak daarvan is nadat 'n aansoeker die gebruik van ’n ligging bevestig het.

Maatstawwe vir beoordeling van aansoeke

7. (1) Wanneer ’n aansoek oorweeg en voorwaardes soos beoog in artikel 4(6) vasgestel word, moet die Stad die volgende beoordeel —

(a) die duur en ligging van die verfilmingsaktiwiteit;

(b) of die verfilmingsaktiwiteit die potensiaal het om onredelike steurnis of nadeel in die vorm van geraas, lig of besoedeling vir enige persoon of ligging, insluitende residensiële gebiede, bewaringsgebiede, erfenisgebiede of enige gebied wat deur wetgewende prosesse as sensitief geïdentifiseer is, te veroorsaak;

(c) of die verfilmingsaktiwiteit onredelik met normale aktiwiteite in ’n openbare plek sal inmeng of dit ontwrig of 'n negatiewe impak sal hê op —

(i) algemene verkeer in openbare plekke;

(ii) voetgangerverkeer in openbare plekke;

(iii) openbare parkering;

(iv) toegang tot enige private eiendom;

(v) munisipale eiendom of infrastruktuur;

(vi) die natuurlike omgewing; of

(vii) veiligheid van lede van die publiek;

(d) die potensiële impak van die verfilmingsaktiwiteit op die omliggende gemeenskap;

(e) of die okkupeerders van aangrensende en geraakte eiendomme kennis van die voorgenome verfilming gekry het; en

(f) enige besware van okkupeerders van aangrensende en geraakte eiendomme.

Besluite oor filmpermitte

8. (1) Die Stad moet ’n aansoek om ’n filmpermit wat ooreenkomstig artikel 5 gelees met bylae 1 ingedien is, goedkeur of weier, en kan voorwaardes stel wanneer die permit uitgereik word.

(2) Die Stad kan ’n permit wat ingevolge subartikel (1) uitgereik is, wysig waar die omstandighede dit vereis.

(3) Die Stad kan, na sy diskresie te eniger tyd, enige filmpermit, enige voorwaarde op ’n filmpermit wysig of ’n filmpermit in die geheel terugtrek waar die verfilmingsaktiwiteit die potensiaal het om —

(a) enige wetgewing te oortree;

(b) nadeel of besering vir persone of diere by die ligging of lede van die publiek te veroorsaak;

(c) skade aan Stadseiendom of -infrastruktuur te veroorsaak;

(d) ’n negatiewe impak op die natuurlike omgewing of erfenis- of kulturele hulpbronne te hê;

(e) met enige dienste of werksaamhede van die Stad in te meng; of

(f) omstandighede te veroorsaak of daartoe by te dra wat ’n noodgeval of ’n dringende behoefte aan die Stad se ingryping of dienste skep.

(4) Indien ’n aansoek om ’n filmpermit geweier is, moet die Stad die aansoeker voorsien van —

(a) skriftelike redes waarom die aansoek geweier is;

(b) kennisgewing van die aansoeker se reg, ingevolge artikel 12, om appèl teen die besluit om die aansoek te weier aan te teken; en

(c) inligting met betrekking tot die prosedures en tydraamwerke waarbinne ’n appèl teen die besluit om die aansoek om ’n filmpermit te weier, aangeteken moet word.

(5) Waar daar enige tydbeperkings is of waar daar ’n behoefte aan dringende kommunikasie ingevolge subartikel (3) of (4) is, kan ’n kennisgewing in die vorm van ’n gepaste elektroniese kennisgewing na die e-posadres en kontaknommer wat in die aansoekvorm verskaf is, aan die permithouer beteken word.

(6) Die uitreik van ’n filmpermit deur die Stad onthef die aansoeker nie daarvan om om enige ander toestemming ingevolge enige ander wet aansoek te doen nie.

(7) ’n Filmpermit wat ingevolge hierdie verordening uitgereik word, is nie oordraagbaar nie.

Afdwinging

9. (1) Die Stad kan enige stappe doen wat nodig is om nakoming van hierdie verordening of enige kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, te verseker, wat die volgende kan insluit —

(a) toegang tot enige eiendom ten einde enige aangeleentheid met betrekking tot hierdie verordening te ondersoek en af te dwing;

(b) kansellering en terugtrekking van die filmpermit;

(c) staking van enige verfilmingsaktiwiteite;

(d) oplê van ’n boete; of

(e) die skut van en beslaglegging op enige goedere, voertuie of toerusting wat in die oortreding van die verordening gebruik is.

Nakomingskennisgewings

10. (1) Die Stad kan ’n nakomingskennisgewing aan ’n permithouer of enige ander persoon op die filmstel beteken as daar redelike gronde is om te vermoed dat die bepalings van die verordening, of enige voorwaardes wat met die uitreik van die permit gestel is, oortree word.

(2) ’n Nakomingskennisgewing ingevolge subartikel (1) moet –

(a) die gedrag wat ’n oortreding van hierdie verordening uitmaak, beskryf;

(b) die bepaling van die verordening wat oortree word of die voorwaarde wat nie nagekom word nie, meld;

(c) meld dat die oortreding ’n misdryf uitmaak en meld wat die straf vir so ’n oortreding is;

(d) die maatreëls meld wat getref moet word om die oortreding reg te stel;

(e) waar toepaslik, die permithouer of ander persoon opdrag gee om alle verfilmingsaktiwiteite te staak en alle rekwisiete en toerusting te verwyder;

(f) die tydperiode waarbinne die kennisgewing nagekom moet word, meld;

(g) die permithouer in kennis stel dat goedere, toerusting, rekwisiete en enige ander verfilmingsapparaat geskut kan word as daar nie aan die nakomingskennisgewing voldoen word nie;

(h) die permithouer of ander persoon inlig dat geen verfilmingsaktiwiteite toegelaat sal word totdat die maatreëls wat ingevolge 10(2)(d) vereis word, nagekom is nie; en

(i) meld dat versuim om aan die nakomingskennisgewing te voldoen, ’n tweede misdryf sal uitmaak en aandui wat die straf vir nienakoming van die nakomingskennisgewing is.

(3) ’n Nakomingskennisgewing is toereikend en doeltreffend aan die permithouer beteken —

(a) wanneer dit persoonlik afgelewer is op die terrein waar verfilming plaasvind;

(b) wanneer dit by die permithouer se plek van verblyf of besigheid in die regsgebied van die Stad gelaat is by ’n persoon wat oënskynlik ouer as 16 jaar is;

(c) wanneer dit op ’n opvallende plek op die eiendom waarop dit betrekking het, geplaas is; of

(d) wanneer dit by die aanstuuradres of e-posadres van die permithouer wat ingevolge artikel 4(3)(a) van hierdie verordening verskaf is, afgelewer is.

(4) Waar daar tydbeperkings is of waar daar ’n behoefte aan dringende ingryping is, kan ’n nakomingskennisgewing in die vorm van ’n gepaste elektroniese kennisgewing na die e-posadres en kontaknommer wat in die aansoekvorm verskaf is, aan die permithouer beteken word, met dien verstande dat ’n afskrif van die nakomingsbevel ook aan die permithouer ingevolge subartikel (3) afgelewer word.

(5) Enige persoon wat versuim om aan ’n nakomingskennisgewing ingevolge subartikel (1) te voldoen, is skuldig aan ’n misdryf benewens die oortreding en kan ingevolge artikel 12 beboet word.

Reg van appèl

11. (1) ’n Persoon wie se regte geraak word deur ’n besluit wat deur ’n gemagtigde amptenaar geneem is, kan teen daardie besluit appelleer.

(1) ’n Appèl ingevolge 11(1) moet skriftelik ingevolge artikel 62 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) ingedien word binne 21 dae ná die kennnisgewing van die besluit.

Misdrywe en strawwe

12. (1) ’ n Persoon is skuldig aan ’n misdryf as die persoon —

(a) enige bepaling van hierdie verordening oortree;

(b) versuim om te voldoen aan ’n voorwaarde wat ingevolge hierdie verordening gestel is;

(c) versuim om te voldoen aan ’n nakomingskennisgewing wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is of enige opdrag van ’n gemagtigde amptenaar wat hierdie verordening afdwing, verontagsaam;

(d) enige gemagtige amptenaar in die uitvoering van sy of haar amptelike pligte of funksies ingevolge hierdie verordening dreig, teenstaan, hinder of daarmee inmeng; of

(e) inmeng met, hindernis veroorsaak, onredelik vergoeding (beide geldelik of in spesie) probeer eis, of moedswillig vertragings veroorsaak vir verfilmingsaktiwiteite wat deur ’n persoon uitgevoer word wat ’n wettige permit hou wat ingevolge hierdie verordening uitgereik is.

(2) ’n Persoon wat ingevolge hierdie verordening aan ’n misdryf skuldig is, kan ’n boete opgelê word, en by skuldigbevinding, ’n tydperk van gevangenisstraf van hoogtens twee jaar, of beide sodanige boete en gevangenisstraf, opgelê word.

(3) Die Stad kan stappe doen teen ’n persoon of permithouer aan wie ’n kennisgewing ingevolge artikel 8 of 10 uitgereik is en die Stad kan die nodige stappe doen om sodanige kennisgewing op die koste van sodanige persoon of permithouer ten uitvoer te bring.

(4) Die Stad kan weier om aansoeke om verfilming te oorweeg —

(a) vir ’n tydperk van tot 3 maande waar die Stad gevind het dat ’n persoon die voorwaardes van ’n filmpermit oortree het; en

(b) vir ’n tydperk van tot 6 maande waar ’n persoon aan ’n misdryf ingevolge hierdie verordening skuldig bevind is.

Skut

13. (1) Die gemagtigde amptenaar kan, ooreenkomstig die Stad se beleid en prosedures, enige voertuie, goedere of toerusting skut wat gebruik is in verfilmingsaktiwiteite wat strydig met hierdie verordening uitgevoer is of enige

voorwaardes wat opgelê of kennisgewings wat ingevolge artikel 8 en 10 van hierdie verordening opgelê is.

(2) Die gemagtigde amptenaar moet ten tye van die skut aan die houer van die goedere of toerusting waarop beslag gelê en geskut is, 'n afskrif van 'n kennisgewing gee waarop die volgende uiteengesit word:

(a) die rede vir die skut insluitende die bepalings van die verordening wat oortree is;

(b) die besonderhede, beskrywing en toestand van die voertuie, goedere en toerusting wat geskut word;

(c) die adres en kontakbesonderhede van die aangewese skut waar die geskutte items gehou gaan word;

(d) die bepalings waarop goedere wat geskut is, vrygestel kan word, wat die betaling van enige boetes en enige skutkoste moet insluit;

(e) die moontlikheid dat die voertuie, goedere of toerusting wat geskut is, aan die Stad verbeurd verklaar en verkoop kan word om koste te verhaal indien die voertuie, goedere en toerusting wat geskut is, nie binne 3 maande afgehaal word nie, en

(f) die naam en kontakbesonderhede van die gemagtigde amptenaar aan wie enige vertoë met betrekking tot die skutting gerig kan word.

(3) Die gemagtigde amptenaar verantwoordelik vir die vrystelling van goedere uit die aangewese skut kan, by ontvangs van skriftelike vertoë, afsien van voorwaardes vir die vrystelling van items wat geskut is.

(4) Onderworpe aan subartikel (5), sal voertuie, goedere en toerusting wat die Stad ingevolge subartikel (1) geskut het, aan die Stad verbeurd verklaar word as dit nie afgehaal word binne 3 maande vanaf —

(a) die datum van skutting, of

(b) die afloop van vervolging van die aangeleentheid.

(5) Onderworpe aan subartikel (8), kan geskutte voertuie, goedere of toerusting slegs aan die permithouer vrygestel word –

(a) waar bewys van betaling van alle boetes, skut-, vervoer-, berging- en verwante koste gelewer word; of

(b) by afloop van vervolging van die aangeleentheid.

(6) Die Stad kan enige voertuie, goedere of toerusting wat nie ooreenkomstig subartikel (4) en (5) afgehaal word nie, verkoop, skenk of vernietig.

(7) Die Stad kan, op skriftelike aansoek van die eienaar, die bergingstydperk verleng voor die einde van die driemaandetydperk waarna in subartikel (4) verwys word, met dien verstande dat die verlenging nie meer as twee keer toegestaan word nie.

(8) Die Stad is nie teenoor enige derde party aanspreeklik vir enige gehuurde items of toerusting wat ingevolge subartikel (1) geskut word nie.

(9) Voertuie, goedere of toerusting wat ingevolge subartikel (1) geskut word wat aan ’n derde party behoort, kan aan so ’n derde party vrygestel word, onderworpe aan subartikel 5(b), by verskaffing van bewys van —

(a) eienaarskap by wyse van ’n geldige ooreenkoms tussen die derdeparty-eienaar en die permithouer, en

(b) betaling van alle skut-, vervoer- en bergingskoste van die geskutte voertuie, goedere of toerusting.

14. Die Stad kan optree en koste verhaal

(1) Ondanks enige ander bepaling van hierdie verordening, kan die Stad —

(a) maatreëls tref en optree om koste te verhaal wat hy gepas ag om die situasie reg te stel waar ’n persoon of permithouer —

(i) skade aan Stadseiendom of -infrastruktuur veroorsaak het; of

(ii) aan wie ’n nakomingskennisgewing kragtens artikel 10 uitgereik is, versuim om daaraan te voldoen of onvoldoende daaraan voldoen het; of

(b) koste ingevolge sy kredietbeheer- en skuldinvorderingsbeleid en sy verordening op kredietbeheer en skuldinvordering verhaal vir alle maatreëls en koste wat as gevolg van afdwinging van nakoming met die verordening aangegaan is.

Vrywaring

15. Die Stad of enige gemagtigde amptenaar is nie teenoor ’n derde party aanspreeklik vir enige skade wat veroorsaak is deur enigiets wat onwettig gedoen of nagelaat is deur die Stad of enige gemagtigde amptenaar wat ’n wettige funksie of plig ingevolge hierdie verordening uitvoer nie.

Oorgangsmaatreëls

16. Aansoeke wat voor die afkondiging van hierdie verordening ontvang word, sal ingevolge die Stad Kaapstad: Verordening op Verfilming, 2005, geprosesseer word.

Herroeping

17. Die Stad Kaapstad: Verordening op Verfilming, 2005, soos afgekondig in Provinsiale Koerant no. 6277 van 24 Junie 2005, word hiermee herroep.

Kort titel

18. Hierdie verordening word die Stad Kaapstad: Verordening op Verfilming, 2024, genoem, en tree in werking op ’n datum wat deur afkondiging in die Provinsiale Koerant bepaal sal word.

BYLAE 1

Tipe film-opname	**Grootte/ Beskrywing van filmopname**	**Voorwaardes**	**Aansoekvereistes**	**Oorleg/Kennisgewing-vereistes** (voor indiening van permitaansoek)
Mikro film-opname	1 - 3 voertuie of 8 of minder rolspelers en filmspan en duur van 1 dag	• klein, mobiele filmopnames • geen padsluitings • geen kragopwekkers • slegs handligte • geen strukture, stelle, platforms • geen swaar voertuie (vragmotors en/of hyskrane) • geen diere/lewende hawe • geen plante, loof, grond of vreemde materiaal op ligging gebring • geen spesiale effekte	**2 werksdae** voor dag van filmopname *LW. As die ligging in 'n beskermingsgebied of bewaringsgebied is, is raamwerke vir 'n medium filmopname (5 werksdae) van toepassing.*	* Geen vereiste vir die aflewering van kennisgewing van voorneme van verfilming aan aangrensende eiendomme
Klein film-opname	4 - 6 voertuie of 9 - 15 rolsspelers en filmspan	• klein stil filmopnames /advertensies • klein buite-filmopnames • minimale kragopwekkers, ligte, strukture • geen spesiale effekte en/of waagtoertjies • geen padsluitings	**2 werkdae** voor dag van filmopname *LW – As die ligging in 'n beskermde gebied of bewaringsgebied is, is tydraamwerke vir 'n medium filmopname (5 werkdae) van toepassing.*	**onderworpe aan aard en impak van filmopname* ** gemeenskap-kennisgewing/oorleg kan vereis word, en indien vereis, moet die tipe en omvang van kennisge-wing/oorleg deur die Stad bepaal word. • Bewys van aflewering van kennisgewing van voorneme om te verfilm aan aangrensende en geraakte eiendomme moet by filmpermit-kantoor ingedien word

Tipe film-opname	Grootte/ beskrywing van filmopname	Voorwaardes	Aansoekvereistes	**Oorleg/Kennisgewingvereistes** (voor indiening van permitaansoek)
Medium film-opname	7 - 15 voertuie of 16 - 30 rolspelers en filmspan	• groot stil opnames, klein advertensies en glansprogramme • klein/gemiddelde kragopwekkers, ligte, stelle, strukture • geringe spesiale effekte en/of waagtoertjies • verkeersbystand vereis • geringe laan/padsluitings • minimale geraasimpak, filmopnames vroeg soggens of snags *LW - met groot laan-/padsluitings, verleggings, Burgerlike Lugvaartowerheid- of ander goedkeurings, ens., kan bykomende beplanningstyd vereis word.*	**5+ werkdae *** voor dag van opname **onderworpe aan aard en impak van filmopname* Afgeleë basiskamp kan vereis word as filmopname in 'n residensiële gebied of in 'n sensitiewe ligging soos 'n beskermde gebied of bewaringsgebied is. • gedetailleerde filmskedule moet ingedien word wanneer verfilming oor meer as een dag of meer as een ligging plaasvind	* onderworpe aan aard en impak van filmopname ** gemeenskap-kennisgewing/oorleg kan vereis word, en indien vereis, moet die tipe en omvang van kennisgewing/oorleg deur die Stad bepaal word. • Bewys van aflewering van kennisgewing van voorneme om te verfilm aan aangrensende en geraakte eiendomme moet by filmpermitkantoor ingedien word
Groot film-opname	16 - 30 voertuie of 30 – 60 rolspelers en filmspan	• groot stil opnames, advertensies, glansprogramme* • gemiddelde/groot kragopwekkers, ligte, stelle, strukture • spesiale effekte en/of waagtoertjies • verkeersbystand vereis • groot laan-/padsluitings, verleggings, ens. • gemiddelde geraasimpak, filmopnames vroeg soggens of snags** *LW - met groot laan-/padsluitings, verleggings, Burgerlike Lugvaartowerheid- of ander goedkeurings, ens., kan bykomende beplanningstyd vereis word.*	**5+ werkdae*** voor filmopname **onderworpe aan aard en impak van opname* • 'n opnameskedule kan vereis word • Afgeleë basiskamp kan vereis word as filmopname in 'n residensiële gebied of in 'n sensitiewe ligging soos 'n beskermde gebied of bewaringsgebied plaasvind.	** Gemeenskap-kennisgewing/oorleg kan vereis word, en indien vereis, moet die tipe en omvang van kennisgewing/oorleg deur die Stad bepaal word. • Bewys van aflewering van kennisgewing van voorneme om te verfilm aan aangrensende en geraakte eiendomme moet by filmpermitkantoor ingedien word.

Tipe-opname	Grootte/beskrywing van filmopname	Voorwaardes	Aansoekvereistes	**Oorleg/Kennisgewing-vereistes** (voor indiening van permitaansoek)
Baie groot film-opname	31 of meer voertuie, of 61 of meer rolspelers en filmspan	• Baie groot, hoë impak filmopnames, advertensies en glansprogramme* • Omvattende kragopwekkers, ligte, stelle, strukture • groot spesiale effekte en/of waagtoertjies • verkeersbystand vereis • groot laan-/padsluitings • aansienlike geraasimpak met filmopnames vroeg soggens of snags** - *LW - met groot laan-/padsluitings, verleggings, Burgerlike Lugvaartowerheid- of ander goedkeurings, ens., kan bykomende beplanningstyd vereis word.*	**10+ werkdae*** voor dag van filmopname * *onderworpe aan aard en impak van filmopname* • 'n Filmopname-skedule kan vereis word; • Verkeersomleidings-plan(ne) vereis; • Afgeleë basiskamp kan vereis word as opname in 'n residensiële gebied of in 'n sensitiewe ligging soos 'n beskermde gebied of bewaringsgebied is.	** Gemeenskap-kennisgewing/oorleg kan vereis word, en indien vereis, moet die tipe en omvang van kennisgewing/oorleg deur die Stad bepaal word. • Bewys van aflewering van kennisgewing van voorneme om te verfilm aan aangrensende en geraakte eiendomme moet by filmpermitkantoor ingedien word.

UMTHETHO KAMASIPALA OSAYILWAYO OMALUNGA NOKWENZIWA KWEEFILIMU, 2024:

WESIXEKO SASEKAPA

Ukubhangisa uMthetho kaMasipala weSixeko saseKapa omalunga nokweNziwa kweeFilimu wango2005, ukubonelela ngolawulo lwemisebenzi yokwenziwa kweefilimu kwiipropati zabantu nakwezikarhulumente; ukulungiselela imeko yophuhliso lwecandelo leefilimu elikummandla olawulwa siSixeko saseKapa nokubonelela ngemiba ehlangene naleyo.

Imbulambethe

NANGONA iCandelo 156 loMgaqosiseko, xa lifundwa nemiba yorhulumente wommandla edweliswe kwiNxalenye B yeShedyuli 4 neNxalenye B yeShedyuli 5 yoMgaqosiseko, lixhobisa umasipala ngegunya lokwenza imithetho kamasipala ukuze akwazi ukulawula ngempumelelo yonke imicimbi anelungelo lokuyilawula yaye likwanikeza negunya kwimiba ekufuneka esebenzise igunya lakhe kuyo, okanye kwizinto ezincedisa ukuba enze umsebenzi wakhe ngempumelelo;

NANGONA iSixeko sinenjongo yokulungelelanisa imiba yezoqoqosho efana neyokwenza iifilimu kunye namanye amalungelo axelwe kwiSahluko 2 soMgaqosiseko;

NANGONA iSixeko sizama ukulungelelanisa ukhulo kunye nophuhliso loshishino ngeli lixa sikhusela amalungelo nezinto ezifunwa ngabahlali beSixeko, yaye ke ngenxa yoko sinenjongo yokwenza imithetho enqanda ukuphazanyiswa koluntu okwethutyana ngenxa yokwenziwa kwefilimu;

NANGONA iSixeko siyithathela ingqalelo indima ebalulekileyo edlalwa ziifilimu kuqoqosho lwaseKapa sikwanqwenela ukukhuthaza ukuhlonitshwa kwamalungelo oluntu okuvakalisa uluvo lwalo yaye sizibophelele ekwenzeni ukuba ibe lula inkqubo yokufumana imvume yokwenza ifilimu kummandla waso; kananjalo

NANGONA iSixeko sizimisele ukuba nesibonelelo esikwindawo enye sokubonelela ngokuproseswa kwezicelo zokwenza iifilimu ngeli lixa silandela imigaqo yoMgaqosiseko neminye imithetho ekhoyo echaphazelekayo;

NGENXA YOKO KE, LO MTHETHO UYAMISELWA liBhunga leSixeko saseKapa, ngolu hlobo lulandelayo: —

Iinkcazelo

1. Kulo Mthetho kaMasipala, ngaphandle kokuba into ekubhekiswa kuyo ayihambelani nomxholo -

"umfakisicelo" ngumntu okanye inkampani efake isicelo sokwenza ifilimu kummandla weSixeko;

"iipropati ezisondeleyo okanye ezichaphazelekayo" zithetha iipropati ezabelana ngomda okanye iipropati ezisondeleleneyo zibe zingabelani ngamda, ezinokuthi zichatshazelwe yinto edibene nokwenziwa kwefilimu;

"igosa eligunyazisiweyo" lithetha umsebenzi weSixeko onoxanduva lokwenza nawuphi na umsebenzi osemthethweni okanye asebenzise naliphi igunya elisemthethweni elandela lo Mthetho kaMasipala yaye libandakanya umsebenzi onikezwe igunya lokwenza lo misebenzi okanye lokusebenzisa loo magunya; abandakanya:

(a) ILungu leSebe laMapolisa eNqila yaseKapa elamiselwa ngokwemigaqo yecandelo 64A loMthetho weeNkonzo zamaPolisa oMzantsi Afrika, 1995 (uMthetho onguNomb. 68 ka1995);
(b) Igosa lezendlela elichongwe ngokwecandelo 3A loMthetho weSizwe ongeZithuthi zeNdlela, 1996 (uMthetho onguNomb. 93 ka1996)
(c) Igosa lonyanzeliso lomthetho elibhengezwe njengegosa loxolo ngokwecandelo 334(1)(a) loMthetho weNkqubo yoLwaphulomthetho, 1977 (uMthetho onguNomb. 51 ka1977); kunye
(d) Nelungu leeNkonzo zaMapolisa oMzantsi Afrika (SAPS);

"Isixeko" sithetha iSixeko saseKapa, umasipala owamiselwa ngokweSaziso soMiselo seSixeko saseKapa Nomb. 479 sowe22 kweyoMsintsi (Septemba) 2000, ngokwemiqathango yoMthetho woRhulumente weMimandla: weZigqeba zikaMasipala, 1998, okanye nasiphi isigqeba okanye umsebenzi weSixeko owenza umsebenzi wakhe ngokwegunya alinikeziweyo;

